

### ***Beloftes aan die verlostes***

Die Here maak in Openbaring 3:10-12 ses beloftes aan die mense wat deur die geloof in Christus ingelyf is en sy weldade aangeneem het:

*Vers 10:* Omdat ek bewaar (geglo, aangeneem) het, sal die Here my ook bewaar (staande hou in die geloof) in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom. Ek word nie bewaar *van* beproewing nie, maar *in*.

*Vers 11:* "Kyk, Ek kom gou!" Die Here kom weer. My Verlosser lééf. Hy sit aan die regterhand van God en is my Voorspraak by die Vader. Sy menslike natuur daarbó, is 'n betroubare waarborg dat Hy my ook na Hom sal neem (HK 17). Ek moet vashou, volhard, die dinge "daarbo" soek.

*Vers 12:* Vier beloftes kom tot my wat oorwin (getrou staande bly):

*Een:* Die Here sal my 'n pilaar in sy tempel maak, vir altyd. 'n Pilaar is 'n simbool van standvastigheid en sierlikheid. Ek sal saam met Hom as Koningskind in heerlijkheid uittroon.

*Twee:* Op my sal die Naam van God geskrywe staan. Dit is 'n versekering dat ek aan die Here behoort. Ek dra sy Naam. Ek is deur Christus se bloed gekoop. Jesaja 43:1: "Jy is Myne".

*Drie:* Op my sal ook die naam van die Godstad (nuwe Jerusalem) geskrywe staan. Die ou hemel en aarde het verbygegaan. Die nuwe is nou my bestemming. Skoongewas en voorberei deur Jesus Christus.

*Vier:* Op my sal ook die Here Jesus se nuwe Naam geskrywe word. Deur sy opstanding het Hy Oorwinnaar (Matt 28:20) geword. Hy is Bruidegom, ek sy bruid. Saam met die Bruidegom deel ek in sy heerlijkheid as Oorwinnaar. Deur sy oorwinning is ek nie meer "sondaar" nie, maar "Christen". Hoor wat die Gees sê!